MPS BMN 7
AGV.

MENINGSPEILINGSENTRUM

# Blankes se mening oor openbare vakansiedae en hul vakansiepatrone

B.J. Dixon

RGN·HSRC

001.3072068 HSRC MPS BMN 7

BIBLIOTEEK
LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

RGN·HSRC

075250

RGN·HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND IMFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

0 0 0 1 9 1 7 3 9 2

001.3072068 HSRC MPS BMN 7

*191739*

# Blankes se mening oor openbare vakansiedae en hul vakansiepatrone

Navorsingsbevinding BMN-7

# Blankes se mening oor openbare vakansiedae en hul vakansiepatrone

B.J. Dixon

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1988

B.J. Dixon, B.A. Hons.

Meningspeilingsentrum
Groep: Navorsingsmetodologie en -tegnologie
Groephoof: Prof. D.J. Stoker

ISBN 0 7969 0663 7

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1988

Gedruk en uitgegee deur die RGN
Pretoriusstraat 134
Pretoria

RGN BIBLIOTEEK
1988 10. 20.
HSRC LIBRARY
STANDKODE
α1 3072068
HSRC mPS BMN 7
AANWINSNOMMER
075250

INHOUD BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING.................................................... | 1 |
| 1.1 | Agtergrond en doelstelling................................ | 1 |
| 1.2 | Navorsingsontwerp......................................... | 1 |
| 1.2.1 | Steekproef............................................... | 1 |
| 1.2.2 | Vraelys.................................................. | 4 |
| 1.2.3 | Wyse van ontleding....................................... | 4 |
| 2 | BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEKGROEP.......................... | 5 |
| 3 | BEVINDINGE................................................. | 6 |
| 3.1 | Openbare vakansiedae...................................... | 6 |
| 3.2 | Vakansiepatrone........................................... | 9 |
| 4 | OPSOMMING.................................................. | 14 |
| 5 | SLOTOPMERKING.............................................. | 15 |
| | BYLAES..................................................... | 16 |

# BlANKES SE MENING OOR OPENBARE VAKANSIEDAE EN HUL VAKANSIEPATRONE

## 1 INLEIDING

### 1.1 Agtergrond en doelstelling

Op 20 Maart 1987 het die Staatspresident, mnr. P.W. Botha, die Presidentsraad versoek om ondersoek in te stel na die huidige kalender van openbare feesdae en om te bepaal of dit voldoen aan die behoeftes van die onderskeie bevolkingsgroepe. Die verslag is voorberei deur die Presidentsraad se Komitee vir Ekonomiese Aangeleenthede en is op 15 September 1987 in die Parlement ter tafel gelê. Onder die aanbevelings was dat Kersdag, Goeie Vrydag, Republiekdag en Geloftedag as 'n kern van statutêr bepaalde vakansiedae behoue bly, en dat Stigtingsdag en Krugerdag slegs as feesdae behou word, maar as openbare vakansiedae verval*.

Reeds voordat die verslag ter tafel gelê is, het die Meningspeilingsentrum (MPS) van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) die behoefte geïdentifiseer om op wetenskaplike wyse uit te vind hoe die Suid-Afrikaanse publiek voel oor hierdie aktuele aangeleentheid. Omdat MPS dwarsdeur die jaar besig is met meningspeilings deur middel van individuele onderhoude sowel as pos- en telefoonopnames, het die behoefte ook ontstaan om inligting oor die vakansiepatrone van Suid-Afrikaners te verkry. So het ervaring byvoorbeeld reeds getoon dat dit weinig nut het om opnames te skeduleer vir Desembermaand omdat die meeste mense dan met verlof is. Omdat geen inligting egter nog beskikbaar is vir die res van die jaar nie, is besluit om ook hieroor inligting in te win. Gedurende die week van 14 tot 17 September 1987 is daar gevolglik 'n telefoonopname gedoen oor hierdie twee aanverwante onderwerpe.

Die doel met die opname was dus tweeledig, naamlik enersyds om die mening van blanke Suid-Afrikaners in te win oor openbare vakansiedae, en andersyds om inligting te kry oor die vakansiepatrone van blankes. 'n Verdere doel was om inligting te verkry wat vergelyk kan word met dié van 'n soortgelyke opname wat later ook onder die ander bevolkingsgroepe gedoen is.

### 1.2 Navorsingsontwerp

#### 1.2.1 Steekproef

(a) Ewekansige seleksie van telefoonnommers

Die steekproef het uit 2 000 telefoonnommers bestaan wat op 'n ewekansige wyse getrek is uit al die telefoongidse van die Republiek van Suid-Afrika. Ongeveer 10 % addisionele nommers is ook per streek getrek om voorsiening te maak vir telefoonnommers wat tydens die opname buite werking sou wees, of waar geen respondent vir die opname sou kwalifiseer nie.

Omdat daar relatief min telefone geïnstalleer is in nuwe woonbuurte en laer sosio-ekonomiese areas, lewer die gidsinligting nie 'n volkome verteenwoordigende beeld van die blanke bevolking nie. Tog is dit steeds die beste bron waaruit inligting vir steekproeftrekking verkry kan word.

---

*Die Burger, 16 September 1987.

Die prosedure waarvolgens die nommers vir hierdie opname getrek is, is as volg beplan:

Eerstens is die hele land onderverdeel in areas wat ooreenstem met die onderskeie telefoongidssones van die betrokke areas. Die afbakening van hierdie gebiede word voor in die telefoongidse aangedui.

Bevolkingsyfers is vervolgens bereken vir die blanke bevolking van hierdie gebiede volgens die jongste bevolkingsyfers van die Sentrale Statistiekdiens. Gebaseer op hierdie syfers is die proporsies vir elke gebied bereken. Met behulp hiervan is die aantal telefoonnommers uit elke sone proporsioneel bepaal om 'n totaal van 2 000 nommers te verkry. Nadat bereken is hoeveel nommers per telefoongidssone getrek moes word, is die regte hoeveelheid nommers as volg gekies:

Vir elke telefoongidssone is bepaal hoeveel bladsye met telefoonnommers daar in daardie telefoongids voorkom. Hierdie getal bladsye is verdeel deur die getal nommers wat nodig is in daardie sone. Sodoende is bepaal op elke hoeveelste bladsy 'n nommer getrek moes word. Die prosedure is uiteengesit in tabel 1. Daar moes vooraf op ewekansige wyse besluit word op watter plek op die bladsy die nommer geneem moes word. Waar hierdie nommer dié van 'n besigheid, koshuis, ouetehuis of van iemand van 'n ander bevolkingsgroep was, is die eerste privaatnommer van 'n blanke daarna getrek.

Die steekproef is dus gestratifiseer volgens geografiese ligging en bevolkingsdigtheid. Verder is die steekproef sistematies getrek deur 'n nommer te gebruik op elke 'soveelste' bladsy, en uiteindelik is ewekansig bepaal waar op die bladsy 'n nommer getrek moes word. Daar is dus gebruik gemaak van komplekse of meerstadiumsteekproefneming.

**TABEL 1: TELEFOONSTEEKPROEF EN AANTAL VOLTOOIDE ONDERHOUDE PER STREEK**

| Streek/ telefoongids | Bladsye per gids | Bevolking per streek | Persentasie (%) bevolking | Nommers per streek | Elke n'de bladsy | Addisionele nommers | Voltooide onderhoude N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Johannesburg | 1 191 | 518 218 | 11,4 | 227 | 5 | 23 | 105 | 8,6 |
| Oos-Rand | 795 | 505 425 | 11,1 | 221 | 4 | 19 | 132 | 10,8 |
| Wes-Rand | 582 | 202 440 | 4,4 | 89 | 7 | 5 | 54 | 4,5 |
| Pretoria | 522 | 434 038 | 9,5 | 190 | 3 | 25 | 130 | 10,6 |
| Vaaldriehoek | 206 | 210 686 | 4,6 | 92 | 2 | 5 | 67 | 5,5 |
| Noord-Transvaal | 189 | 105 326 | 2,3 | 46 | 4 | 6 | 25 | 2,1 |
| Oos-Transvaal | 317 | 286 114 | 6,3 | 125 | 3 | 14 | 74 | 6,1 |
| Wes-Transvaal | 257 | 237 982 | 5,2 | 104 | 2 | 7 | 73 | 6,0 |
| Kaapse Skiereiland | 1 010 | 456 210 | 10,0 | 200 | 5 | 17 | 112 | 9,2 |
| Boland,Weskus | 331 | 178 675 | 3,9 | 78 | 4 | 12 | 41 | 3,4 |
| Suid-Kaap | 141 | 80 420 | 1,8 | 35 | 4 | 8 | 25 | 2,1 |
| Karoo, Namakwaland | 69 | 38 415 | 0,8 | 17 | 4 | 5 | 12 | 1,0 |
| Noord-Kaap | 180 | 111 064 | 2,4 | 49 | 4 | 6 | 33 | 2,7 |
| Oos-Kaap | 289 | 172 893 | 3,8 | 76 | 4 | 12 | 42 | 3,5 |
| P.E. en omgewing | 309 | 173 902 | 3,8 | 76 | 4 | 7 | 51 | 4,2 |
| O.V.S. | 467 | 294 212 | 6,4 | 129 | 4 | 12 | 83 | 6,8 |
| Durban | 720 | 316 678 | 6,9 | 139 | 5 | 13 | 91 | 7,5 |
| Natal | 314 | 166 937 | 3,7 | 73 | 4 | 8 | 49 | 4,0 |
| Suidkus | 65 | 34 208 | 0,8 | 15 | 4 | 5 | 9 | 0,7 |
| Noordkus | 126 | 42 974 | 0,9 | 19 | 4 | 1 | 9 | 0,7 |
| Totaal | | 4 566 817 | 100,0 | 2 000 | | 210 | 1 217 | 100,0 |

(b) <u>Seleksie van die respondent</u>

By verreweg die meeste huishoudings is daar gewoonlik meer as een moontlike respondent met wie gesels kan word. Indien die onderhoud bloot gevoer word met die eerste persoon wat die telefoon beantwoord, kan die steekproef moontlik skeef getrek word, byvoorbeeld wat geslag betref, aangesien ondervinding geleer het dat dit in die meeste gevalle 'n vrou is wat die telefoon beantwoord. Daarom is daar by elke telefoonnommer met 'n spesifieke persoon gepraat. Die proses waarvolgens hierdie persoon geselekteer is, het geskied volgens 'n ewekansig saamgestelde respondenttabel of ruitenet. 'n Voorbeeld van so 'n ruitenet word in tabel 2 gegee.

**TABEL 2: RUITENET VIR DIE SELEKSIE VAN DIE RESPONDENT**

Gesin bestaande uit:

| 1 persoon | 2 persone | 3 persone | 4 persone | 5 persone | 6 persone |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 1 | 3 | 3 | 2 |
| 1 | 1 | 3 | 4 | 1 | 1 |
| 1 | 1 | 2 | 1 | 2 | 4 |
| 1 | 2 | 1 | 2 | 4 | 5 |
| 1 | 2 | 2 | 3 | 5 | 3 |

Die seleksie van die respondente is as volg gedoen:

(i) By elke huishouding is eerstens bepaal hoeveel persone bo die ouderdom van 18 daar woon. Persone wat vir die duur van die opname nie beskikbaar sou wees nie, is uitgeskakel.

(ii) Die regte kolom op die ruitenet is vervolgens gekies volgens die aantal beskikbare persone, met ander woorde die eerste kolom vir een persoon, tweede kolom vir twee persone, ensovoorts.

(iii) Die boonste syfer in daardie kolom is daarna gebruik vir die keuse van die respondent. Die syfer 1 beteken die oudste van die beskikbare persone, 2 die tweede oudste, ensovoorts.

(iv) Wanneer daar by 'n volgende telefoonnommer weer 'n respondent uit dieselfde kolom getrek moes word, is die eerste nommer in die kolom gebruik wat nog nie tevore gebruik is nie.

1.2.2 Vraelys

Die vraelys het uit 21 vrae bestaan. Benewens die biografiese vrae is die respondente met betrekking tot elke vakansiedag gevra of hulle tevrede is met die dag, of dit afgeskaf of verskuif moet word na 'n ander dag of maand, en wat hulle die afgelope jaar op daardie dag gedoen het. Hulle het ook die geleentheid gekry om enige addisionele vakansiedae voor te stel. Die res van die vrae het gehandel oor die duur en aard van langnaweke en vakansies wat die respondente gedurende die afgelope jaar weg van die huis af deurgebring het. Die volledige vraelys word ingesluit in bylae 11.

Die oproepe is gedurende die week van 14 tot 21 September 1987 tussen 17h00 en 21h00 gedoen. Die onderhoude is deur 28 vroulike en 7 manlike onderhoudvoerders van die Meningspeilingsentrum gevoer wat deeglik opgelei en getoets is in die tegniek van telefoonopnames en die hantering van die vraelys. Onderhoude is in Afrikaans of Engels gevoer, na gelang van die respondent se keuse. Meer as twee derdes van die onderhoudvoerders het heelwat vorige ondervinding van telefoonopnames gehad (tien persone het reeds tien opnames of meer gedoen), terwyl nege persone vir die eerste keer aan 'n telefoonopname deelgeneem het.

1.2.3 Wyse van ontleding

(a) Frekwensietabelle van die response is op die verskillende vrae verkry.

(b) Tweerigtingtabelle is opgestel waarin die response ontleed is volgens die volgende biografiese veranderlikes: taal, geslag, ouderdom en onderwyspeil.

(c) 'n Meervoudige ontleding is met behulp van die rekenaarprogram CHAID gedoen om 'n aanduiding te kry van die rol wat die biografiese veranderlikes in die response speel. Meer besonderhede oor die CHAID-program kan verkry word uit die verslag van Du Toit, Steyn en Stumpf (1984)*.

---

*Du Toit, S.H.C., Steyn, A.G.W., Stumpf, R.H. Statistiese Grafika. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Verslag WS-30, Pretoria, 1984.

## 2 BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Alhoewel 2 000 nommers aanvanklik getrek is, is daar uiteindelik 210 addisionele nommers geskakel om voorsiening te maak vir nommers wat nie deel vorm van die steekproef nie. Hierdie nommers sluit nommers in van besighede, foutiewe nommers en ander nommers waar niemand vir die opname gekwalifiseer het nie. In totaal is daar dus 2 210 nommers geskakel, waarvan onderhoude voltooi is by 1 217 (55,1 %). Net meer as 'n tiende van die oproepe (11,5 %) het op weierings uitgeloop en ewe veel oproepe het onbeantwoord gebly na drie probeerslae, terwyl 68 (3,1 %) van die oproepe beset gebly het. Wanneer foutiewe nommers en nommers waar niemand gekwalifiseer het nie (wat dus streng gesproke nie deel vorm van die steekproef nie) buite rekening gelaat word, beteken dit dat 66,3 % van die oorblywende 1 835 oproepe voltooide onderhoude tot gevolg gehad het, en 13,8 % daarvan op weierings uitgeloop het. Dit is min of meer in ooreenstemming met die normale patroon tydens telefoonopnames onder blankes.

Die aantal voltooide onderhoude per streek word in tabel 1 weergegee. Oor die algemeen vergelyk die geografiese verspreiding proporsioneel baie goed met die bevolkingsyfers. Die totale realisasie word in tabel 3 gegee.

**TABEL 3: REALISASIE VAN DIE STEEKPROEF**

| | Foutiewe nommer | Nie mand kwalifiseer nie | Weier | Beset | Geen antwoord nie | Respondent nie tuis nie | Voltooi | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N | 192 | 183 | 254 | 68 | 254 | 42 | 1 217 | 2 210 |
| % | 8,6 | 8,3 | 11,5 | 3,1 | 11,5 | 1,9 | 55,1 | 100,0 |

Die geslag, ouderdom, taal en onderwyspeil van respondente word onderskeidelik in tabelle 4 tot 7 aangegee.

**TABEL 4: GESLAG**

| | Mans | Vroue | Totaal |
|---|---|---|---|
| N | 513 | 704 | 1 217 |
| % | 42,2 | 57,8 | 100,0 |
| Sensus | 48,5 | 51,5 | 100,0 |

Uit 'n vergelyking van die geslagstruktuur van die ondersoekgroep met gepubliseerde syfers van die 1985-bevolkingsensus blyk dit dat vroue effens oorverteenwoordig is*.

*Suid-Afrika (Republiek). Sentrale Statistiekdiens. Verslag no. 02-85-06 Bevolkingsensus 85. 1985.

**TABEL 5: OUDERDOM**

| | 18-24 | 25-34 | 35-44 | 45-54 | 55+ | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| N | 120 | 275 | 305 | 216 | 301 | 1 217 |
| % | 9,9 | 22,6 | 25,1 | 17,7 | 24,7 | 100,0 |
| Sensus | 17,4 | 23,5 | 20,4 | 14,7 | 24,0 | 100,0 |

Die ouderdomsverspreiding van die ondersoekgroep vergelyk baie gunstig met die sensussyfers. Die grootste afwyking is in die ouderdomsgroep 18-24, wat waarskynlik verklaar kan word deur die feit dat geen koshuise of weermagskampe in die steekproef opgeneem is nie. Verder is dit ook gewoonlik die persone in hierdie ouderdomsgroep wat die meeste uithuisig is tussen 17h00 en 22h00.

**TABEL 6: TAAL**

| | Afrikaans | Engels | Ander | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| N | 683 | 502 | 32 | 1 217 |
| % | 56,1 | 41,2 | 2,6 | 99,9 |
| Sensus | 52,9 | 36,8 | 10,3 | 100,0 |

Ook die taalstruktuur van die ondersoekgroep vergelyk redelik goed met dié van die bevolking.

**TABEL 7: ONDERWYSPEIL**

| | Tot en met st. 8 | St.10 | Verder as st. 10 | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| N | 357 | 422 | 438 | 1 217 |
| % | 29,3 | 34,7 | 36,0 | 100,0 |

Wat onderwys betref, was daar ongelukkig nie ooreenstemmende sensusgegewens beskikbaar vir vergelyking nie.

Oor die algemeen wyk die biografiese gegewens van die ondersoekgroep nie te ver af van die 1985-sensusgegewens nie, en geen regstellings is dus nodig nie.

## 3 BEVINDINGE

### 3.1 Openbare vakansiedae

Die eerste vraag was bloot daarop gemik om die respondente se algemene mening oor die aantal openbare vakansiedae te peil, en die response hierop word in tabel 8 aangedui. Die vraelys is aangeheg by die verslag as bylae 11.

**TABEL 8: AANTAL VAKANSIEDAE TANS OP DIE SUID-AFRIKAANSE KALENDER**

| | Te veel | Te min | Net genoeg | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| N | 170 | 224 | 823 | 1 217 |
| % | 14,0 | 18,4 | 67,6 | 100,0 |

Uit tabel 8 blyk dit dat net meer as twee derdes (67,6 %) van die respondente van mening was dat daar net genoeg openbare vakansiedae is. Bykans een uit elke vyf respondente (18,4 %) meen dat daar te min is en 14,0 % meen daar is te veel. Die dendrogramme wat opgestel is na aanleiding van die meervoudige CHAID-ontledings verskyn in bylae 1. Hieruit blyk dat ouderdom die belangrikste voorspeller in hierdie verband is. Dit is veral ouer persone (bo 55 jaar) wat van mening was dat daar te veel vakansiedae is (21,2 %), terwyl jonger respondente (18-34 jaar) weer gevoel het daar is te min (27,1 %). Dit moet egter in gedagte gehou word dat jonger respondente effens onderverteenwoordig is en dit kon moontlik 'n invloed uitoefen.

In tabel 9 word die respondente se mening oor elk van die bestaande openbare vakansiedae aangedui. Vir elke vakansiedag moes respondente aandui of hulle tevrede is met die vakansiedag soos wat dit tans is, of die dag afgeskaf moet word, en of dit verskuif moet word na die naaste Maandag of Vrydag of na 'n ander maand.

**TABEL 9: MENING OOR OPENBARE VAKANSIEDAE**

| N<br>% | Nuwe-jaarsdag | Stig-tingsdag | Goeie Vry-dag | Ge-sinsdag | Wer-kersdag | He-mel-vaartdag | Repu-bliekdag | Kru-gerdag | Ge-lof-tedag | Kersdag | Welwil-lend-heidsdag |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Tevrede | 1 170<br>96,14 | 986<br>81,02 | 1 184<br>97,29 | 1 131<br>92,93 | 882<br>72,47 | 1 123<br>92,28 | 1 098<br>90,22 | 912<br>74,94 | 1 088<br>89,40 | 1 205<br>99,01 | 1 144<br>94,00 |
| Afskaf | 14<br>1,15 | 100<br>8,22 | 8<br>0,66 | 53<br>4,35 | 214<br>17,58 | 33<br>2,71 | 41<br>3,37 | 176<br>14,46 | 74<br>6,08 | 2<br>0,16 | 55<br>4,52 |
| Verskuif | 33<br>2,71 | 131<br>10,76 | 25<br>2,05 | 33<br>2,71 | 121<br>9,94 | 61<br>5,01 | 78<br>6,41 | 129<br>10,60 | 55<br>4,52 | 10<br>0,82 | 18<br>1,48 |
| Totaal | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 |

Die oorgrote meerderheid van die respondente was tevrede met die vakansiedae soos wat dit tans is. Die dae waaroor relatief minder respondente tevrede voel, is Werkersdag (72,5 % was tevrede), Krugerdag (74,9 %) en Stigtingsdag (81,0 %). Onderskeidelik 99,0 % en 97,3 % van die respondente het hulle tevredenheid uitgespreek oor die godsdienstige vakansiedae Kersdag en Goeie Vrydag.

Werkersdag is die enkele vakansiedag waaroor die meeste respondente van mening is dat dit afgeskaf moet word. Byna een uit elke vyf respondente huldig hierdie opinie. Verder meen byna 15 % van die respondente ook dat Krugerdag afgeskaf moet word. Byna niemand voel dat Kersdag en Goeie Vrydag afgeskaf moet word nie.

Op die vraag of die vakansiedae geskuif moet word, was onderskeidelik 10,6 % en 10,8 % van mening dat Krugerdag en Stigtingsdag moet skuif (in die meeste gevalle na 'n ander maand), terwyl 9,9 % ook meen dat Werkersdag ook kan skuif (50 % meen dat dit na 'n ander maand en 50 % na die naaste Maandag of Vrydag moet skuif). Die volledige antwoorde op die vraag wat al bogenoemde inligting bevat, verskyn in tabel 9.

Respondente is verder gevra wat hulle gedurende die afgelope jaar op elk van die vakansiedae gedoen het. Die antwoorde verskyn in tabel 10. Met die oog daarop om interpretasie te vergemaklik, is die kategorieë onderling uitsluitend gemaak. Wanneer 'n respondent gerapporteer het dat hy 'n feestelikheid of kerkdiens bygewoon het, is dié respons aangedui, ongeag of hy by die huis was, gewerk het of ontspan het.

**TABEL 10: AKTIWITEIT OP OPENBARE VAKANSIEDAE**

| N<br>% | Nuwejaarsdag | Stigtingsdag | Goeie Vrydag | Gesinsdag | Werkersdag | Hemelvaartdag | Republiekdag | Krugerdag | Geloftedag | Kersdag | Welwillendheidsdag |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Nie onthou | 10<br>0,82 | 28<br>2,30 | 8<br>0,66 | 9<br>0,74 | 26<br>2,14 | 15<br>1,23 | 21<br>1,73 | 37<br>3,04 | 15<br>1,23 | 7<br>0,58 | 7<br>0,58 |
| Gewerk | 80<br>6,57 | 130<br>10,68 | 49<br>4,03 | 75<br>6,16 | 189<br>15,53 | 66<br>5,42 | 83<br>6,82 | 112<br>9,20 | 77<br>6,33 | 33<br>2,71 | 57<br>4,68 |
| Tuis ontspan | 609<br>50,04 | 801<br>65,82 | 399<br>32,79 | 679<br>55,79 | 866<br>71,16 | 605<br>49,71 | 723<br>59,41 | 790<br>64,91 | 563<br>46,26 | 386<br>31,72 | 622<br>51,11 |
| Nie tuis | 478<br>39,28 | 247<br>20,30 | 307<br>25,23 | 392<br>32,21 | 133<br>10,93 | 160<br>13,15 | 321<br>26,38 | 240<br>19,72 | 327<br>26,87 | 409<br>33,61 | 492<br>40,43 |
| Kerk of fees | 40<br>3,29 | 11<br>0,90 | 454<br>37,30 | 62<br>5,09 | 3<br>0,25 | 371<br>30,48 | 69<br>5,67 | 38<br>3,12 | 235<br>19,31 | 382<br>31,39 | 39<br>3,20 |
| Totaal | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 | 1 217<br>100,0 |

Uit die tabel blyk dat Werkersdag die dag is waarop relatief meer respondente werk (15,5 %) as wat op ander dae die geval is. Die oorgrote meerderheid mense werk egter nie op vakansiedae nie. Verder blyk dit dat ongeveer 'n derde van die respondente op godsdienstige vakansiedae kerk toe gegaan het (Goeie Vrydag 37,3 %, Kersdag 31,4 % en Hemelvaartdag 30,5 %), terwyl Geloftedag verreweg die belangrikste volksfees of geskiedkundige vakansiedag is. Ongeveer een uit elke vyf respondente (19,3 %) het op dié dag 'n erediens of feesvieringe bygewoon. Uit die CHAID-ontledings wil dit voorkom of Afrikaanssprekendes meer geneig is om eredienste of feestelikhede by te woon as Engelssprekendes. Huwelikstaat blyk ook 'n belangrike voorspeller te wees, alhoewel duidelike tendense nie in hierdie verband na vore kom nie (sien bylaes 2.2, 2.4 en 2.5).

Respondente is die geleentheid gegee om enige addisionele vakansiedae voor te stel, en 109 ( 9,0 %) het bykomende voorstelle gehad (sien tabel 11). Die voorstelle in volgorde van grootte is vir familiedae, dae vir swart en ander groepe, geskiedkundige feeste, seisoenfeeste en Tweede Nuwejaarsdag. Byna driekwart van die 109 respondente (74,3 %) sou verkies dat hierdie addisionele vakansiedae gedurende die tweede helfte van die jaar moet wees.

**TABEL 11: ADDISIONELE VAKANSIEDAE VOORGESTEL DEUR RESPONDENTE**

| VAKANSIEDAE | N | % |
|---|---|---|
| Onbeantwoord | 1 108 | . |
| Gesins/familiedae | 23 | 21,1 |
| Dae vir swartes en ander groepe | 21 | 19,3 |
| Historiese vakansiedae | 14 | 12,8 |
| Seisoendae | 12 | 11,0 |
| Tweede Nuwejaar | 10 | 9,2 |
| Dankdae | 9 | 8,3 |
| Ander | 20 | 18,3 |
| Totaal | 109 | 100,0 |

3.2 Vakansiepatrone

Die res van die vraelys het gehandel oor vakansiepatrone. Alhoewel daar primêr belanggestel is in vakansiepatrone tydens en buite skoolvakansies, is respondente ook gevra hoeveel keer hulle tydens die voorafgaande jaar (d.w.s. September 1986 tot September 1987) tydens langnaweke van die huis af weg was en of hulle die laaste voorafgaande langnaweek ook van die huis af weg was (tabel 12).

**TABEL 12: AANTAL KERE WEG TYDENS LANGNAWEKE AFGELOPE JAAR**

| Aantal keer | N | % |
|---|---|---|
| Onbeantwoord | 6 | . |
| Glad nie | 485 | 40,0 |
| Een keer | 260 | 21,4 |
| Twee of meer keer | 469 | 38,6 |
| Totaal | 1 211 | 100,0 |

Dit is opmerklik dat 40 % van die respondente glad nie vir 'n langnaweek weg was nie, terwyl byna net soveel (38,6 %) meer as een keer weg was. Uit die CHAID-ontledings blyk dit dat veral jonger respondente (18 tot 24 jaar) gedurende langnaweke weggaan, terwyl ouer respondente (45 jaar en ouer) geneig is om tuis te bly (sien bylae 3). In die kategorie 25 tot 44 jaar is respondente sonder kinders meer geneig om weg te gaan as respondente met kinders. Dieselfde neiging kom ook na vore uit die CHAID-ontledings by vraag 15 waar gerapporteer is oor die laaste langnaweek (sien tabel 13 en bylae 4). Dit hang waarskynlik saam met die feit dat jonger persone nog nie kinders het nie, of hulle kinders is nog nie in die skool nie.

**TABEL 13: WEG TYDENS LAASTE LANGNAWEEK**

| ANTWOORD | N | % |
|---|---|---|
| Onbeantwoord | 12 | . |
| Ja | 316 | 26,2 |
| Nee | 862 | 71,5 |
| Kan nie onthou | 27 | 2,2 |
| Totaal | 1 205 | 99,9 |

In vrae 16 en 17 is respondente ondervra oor vakansies geneem tydens en buite skoolvakansies. In tabel 14 word die response aangedui op die vrae wat daarop gemik was om uit te vind hoeveel keer die respondent die voorafgaande jaar tydens en buite skoolvakansies van die huis af weg was.

**TABEL 14: AANTAL KERE WEG TYDENS EN BUITE SKOOLVAKANSIES**

| Aantal kere | Tydens | | Buite | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Onbeantwoord | 1 | . | 12 | . |
| Glad nie | 677 | 55,7 | 796 | 66,1 |
| Een keer | 372 | 30,6 | 283 | 23,5 |
| Twee of meer | 167 | 13,7 | 126 | 10,5 |
| Totaal | 1 216 | 100,0 | 1 205 | 100,1 |

Ongeveer 44 % van die respondente was een of meer keer weg van die huis af tydens skoolvakansies, terwyl ongeveer 34 % weer een of meer keer weg was buite skoolvakansies. Soos verwag kan word, blyk dit uit die CHAID-ontledings dat dit veral respondente met kinders op skool is wat tydens skoolvakansies met vakansie gaan, terwyl respondente sonder kinders op skool buite skoolvakansies met verlof gaan (sien bylaes 5 en 6). Uit die groep sonder kinders en met kinders wat nog nie skoolgaan nie, is dit veral die ouer persone (bo 45 jaar) wat geneig is om tuis te bly tydens skoolvakansies.

In tabel 15 word aangedui hoe lank respondente weg was met die laaste vakansie tydens en buite skoolvakansies. Dié vraag, sowel as die volgende (wanneer die respondent weg was), is net gestel aan respondente wat by die vorige vraag (sien tabel 14) aangedui het dat hulle wel een of meer kere van die huis af. weg was

**TABEL 15: HOE LANK WEG TYDENS EN BUITE SKOOLVAKANSIES**

| Hoe lank | Tydens | | Buite | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Onbeantwoord | 9 | . | 10 | . |
| 1-2 weke | 300 | 56,6 | 256 | 64,2 |
| 2-3 weke | 159 | 30,0 | 78 | 19,5 |
| 3-4 weke | 56 | 10,6 | 43 | 10,8 |
| Langer | 15 | 2,8 | 22 | 5,5 |
| Totaal | 530 | 100,0 | 399 | 100,1 |

Uit die tabel blyk dit dat 50-60 % van beide groepe respondente nie langer as twee weke gedurende die laaste skoolvakansie weg was nie.

In tabel 16 word aangedui wanneer die laaste vakansie was wat die respondente vir langer as 'n week binne of buite die skoolvakansies weg was. Met die oog op vergelyking is die maande waartydens vakansie geneem is buite skoolvakansies op dieselfde manier gekombineer as vir tydens skoolvakansies.

**TABEL 16: WANNEER LAASTE VAKANSIE TYDENS EN BUITE SKOOLVAKANSIES**

| Maand | Tydens | | Buite | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Onbeantwoord | 30 | . | 77 | . |
| Des/Jan | 239 | 47,0 | 21 | 6,3 |
| Februarie | . | . | 38 | 11,4 |
| Maart/April | 105 | 20,6 | 56 | 16,8 |
| Mei | . | . | 55 | 16,6 |
| Junie/Julie | 144 | 28,3 | 50 | 15,0 |
| Augustus | . | . | 41 | 12,3 |
| Sept/Okt | 21 | 4,1 | 52 | 15,6 |
| November | . | . | 19 | 3,6 |
| Totaal | 509 | 100,0 | 332 | 100,0 |

Dit blyk uit die tabel dat die gewildste skoolvakansie gedurende Desember/Januarie is (47,0 %) , gevolg deur Junie/Julie (28,3%) en Maart/April (20,6 %). Buite skoolvakansies is die verspreiding baie ewerediger met die spitstye in Maart/April (16,8 %), Mei (16,6 %) en September/Oktober (15,6 %). Wanneer albei groepe respondente in aanmerking geneem word, blyk dit dat die spitstye vir albei groepe gesamentlik Desember/Januarie, Junie/Julie en Maart/April is. Versigtigheid moet dus aan die dag gelê word wanneer opnames vir hierdie tye beplan word.

Respondente is vervolgens gevra van watter tipe akkommodasie hulle tydens hulle laaste vakansie gebruik gemaak het en waar hulle dié vakansie deurgebring het. Die antwoorde op hierdie vrae word onderskeidelik in tabelle 17 en 18 weergegee.



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL 075250

**TABEL 17: AKKOMMODASIE GEBRUIK TYDENS LAASTE VAKANSIE**

| Tipe akkommodasie | N | % |
|---|---|---|
| Onbeantwoord | 38 | . |
| Vakansiehuis of -woonstel | 542 | 46,0 |
| Familie of vriende | 217 | 18,4 |
| Hotel | 186 | 15,8 |
| Kampeergeriewe | 180 | 15,2 |
| Ander | 54 | 4,6 |
| Totaal | 1 179 | 100,0 |

Byna die helfte van die respondente het gebruik gemaak van vakansiehuise of -woonstelle, terwyl verblyf by vriende en familie die tweede gewildste vorm van akkommodasie was. Byna ewe veel respondente het in hotelle gebly en gekampeer. Uit die CHAID-ontledings (sien bylae 7) lyk dit asof jonger en ouer persone (onder 25 en bo 45) meer geneig was om in vakansiehuise of -woonstelle of by familie en vriende te bly, terwyl persone tusse 25 en 45 weer meer geneig was om van hotelakkommodasie gebruik te maak of te kampeer.

**TABEL 18: WAAR VAKANSIE GEHOU TYDENS LAASTE VAKANSIE**

| Tipe vakansieplek | N | % |
|---|---|---|
| Onbeantwoord | 32 | . |
| Strand of see | 588 | 49,6 |
| Familie of vriende | 265 | 22,4 |
| Binnelandse oord | 240 | 20,2 |
| Ander | 92 | 7,8 |
| Totaal | 1 185 | 100,0 |

Uit tabel 18 blyk dit dat vakansieplekke aan die kus die gewildste is en ongeveer die helfte van die respondente het hul laaste vakansie daar deurgebring. Alhoewel die kategorie "Familie of vriende" in albei tabelle voorkom, hoef dit nie noodwendig ooreen te stem nie, aangesien sommige respondente tydens die laaste vakansie byvoorbeeld by die see vakansie gehou het, maar terselfdertyd gebruik gemaak het van akkommodasie wat deur vriende of familie verskaf is, terwyl ander weer by familie of vriende gebly het wat nie noodwendig by die see woon nie. Uit die CHAID-ontledings (sien bylae 8) wil dit voorkom of dit veral ouer persone is (bo 55) wat vakansietye by familie of vriende deurbring.

In tabel 19 word die response getoon op die vraag oor hoeveel geld in verhouding met hul maandelikse inkomste respondente aan vakansies bestee.

**TABEL 19: GELD BESTEE AAN VAKANSIES IN VERHOUDING MET MAANDELIKSE INKOMSTE**

| Geld bestee | N | % |
|---|---|---|
| Onbeantwoord | 31 | . |
| Minder as een maand se inkomste | 539 | 45,4 |
| Ongeveer een maand se inkomste | 328 | 27,7 |
| Meer as een maand se inkomste | 166 | 14,0 |
| Nie van toepassing (bv. werk nie) | 153 | 12,9 |
| Totaal | 1 186 | 100,0 |

Die meeste respondente (45,4 %) het aangetoon dat hulle minder as een maand se inkomste aan vakansies bestee. Uit die CHAID-ontledings (sien bylae 9) blyk dit dat veral vroulike respondente gerapporteer het dat hulle minder as een maand se inkomste spandeer, terwyl manlike respondente meer geneig was om aan te toon dat hulle ongeveer een maand se inkomste spandeer.

In die laaste vraag is respondente gevra watter soort vakansie hulle graag sou wou hou as geld en tyd nie 'n probleem was nie. Die response hierop word in tabel 20 aangetoon.

**TABEL 20: VAKANSIE SONDER BEPERKINGS**

| Soort vakansie | N | % |
|---|---|---|
| Onbeantwoord | 9 | . |
| Oorsee | 415 | 34,4 |
| Binnelandse vakansie-oord | 343 | 28,4 |
| Strand/see | 224 | 18,5 |
| Kampeer | 65 | 5,4 |
| Familie | 17 | 1,4 |
| Ander | 144 | 11,9 |
| Totaal | 1 208 | 100,0 |

Dit lyk asof die grootste gedeelte van die respondente (34,4 %) se droomvakansie 'n oorsese vakansie sou wees. Uit die CHAID-ontledings (bylae 10) blyk dit dat dit veral Engelssprekende en andertaliges is wat oorsee sou wou gaan. 'n Groot groep (28,5 %) van die respondente sou ook tevrede wees met 'n vakansie by 'n binnelandse vakansie-oord (wat onder andere 'n hotelvakansie by Sun City of private wildtuin insluit.)

## 4 OPSOMMING

Gedurende die week van 14 tot 21 September 1987 is 1 217 blanke Suid-Afrikaners landswyd telefonies ondervra omtrent hulle menings oor openbare vakansiedae, sowel as hulle vakansiepatrone. Die onderhoude is gevoer deur 35 opgeleide telefoononderhoudvoerders van die Meningspeilingsentrum (MPS) van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). Die belangrikste bevindinge was die volgende:

4.1 Meer as twee derdes van die respondente het gevoel dat daar net genoeg vakansiedae was. Dit was veral jonger respondente wat gevoel het dat daar te min vakansiedae was.

4.2 Alhoewel die oorgrote meerderheid respondente tevrede was met die huidige vakansiedae, was relatief minder respondente (ongeveer driekwart) tevrede met Werkersdag, Krugerdag en Stigtingsdag, terwyl bykans almal tevrede was met Kersdag en Goeie Vrydag. Byna een uit elke vyf respondente was van mening dat Werkersdag afgeskaf kan word.

4.3 Ongeveer 'n derde van die respondente het gedurende die voorafgaande jaar kerk toe gegaan op godsdienstige vakansiedae. Geloftedag is verreweg die belangrikste geskiedkundige vakansiedag en byna een uit elke vyf respondente het op dié dag 'n erediens of feesvieringe bygewoon.

4.4 Twee uit elke vyf respondente het aangedui dat hulle glad nie gedurende die voorafgaande jaar tydens langnaweke van die huis af weg was nie. Dit blyk verder dat veral jonger respondente gedurende langnaweke weggaan, terwyl ouer respondente geneig is om tuis te bly.

4.5 Net meer as twee uit elke vyf respondente (44,3 %) was tydens skoolvakansies weg met verlof, terwyl net meer as 'n derde van die respondente (34,0 %) buite skoolvakansies weg was met verlof. Dit blyk dat dit veral persone is sonder skoolgaande kinders wat buite skoolvakansies weggaan met verlof.

4.6 Byna die helfte van die respondente wat tydens skoolvakansies met verlof gaan, gaan gedurende die Desember/Januarie-vakansie, terwyl slegs ongeveer 4 % tydens September/Oktober weggaan. By die respondente wat eerder buite skoolvakansies weggaan, is die verspreiding baie ewerediger, met die spitsperiode tydens Maart/April en Mei, en die laagtepunt tydens November. Spitsvakansietye wat beide groepe gesamentlik betref, is veral Desember/Januarie, Maart/April en Junie/Julie, en daar moet dus versigtigheid aan die dag gelê word wanneer opnames vir hierdie tye beplan word.

4.7 Vakansiehuise of -woonstelle blyk die gewildste vorm van akkommodasie tydens vakansies te wees. Byna die helfte van die respondente het tydens die laaste vakansie van dié tipe akkommodasie gebruik gemaak.

4.8 Kusoorde blyk die gewildste vakansieplekke te wees. Ongeveer die helfte van die respondente het hul laaste vakansie daar deurgebring. Wanneer geld en tyd geen probleem is nie, verkies die meeste respondente (veral Engels- en andertaliges) egter 'n oorsese vakansie.


4.9 Byna die helfte van die werkende respondente het aangetoon dat hulle minder as een maand se inkomste aan vakansies bestee.

## 5 SLOTOPMERKING

Hierdie opname het interessante sowel as nuttige inligting verskaf aangaande vakansiedae en vakansiepatrone. Omdat dit egter net onder blankes gedoen is, moet dit gesien word in samehang met die resultate van dieselfde opname wat later ook gedoen is onder kleurlinge in die Kaap en onder Indiërs in Natal. Dit moet egter ook beskou word as 'n eerste opname wat nie in diepte op al die aspekte rakende vakansiepatrone ingegaan het nie. Meer gedetailleerde ondersoeke is nodig om die motiverings vir die publiek se vakansievoorkeure en -patrone bloot te lê, asook besonderhede oor afstande wat gereis word, watter vervoermiddels gebruik word en ten slotte hoe al hierdie voorkeure van jaar tot jaar konstant bly of verander.


BYLAE 1

CHAID-ONTLEDING: AANTAL VAKANSIEDAE




BYLAE 2.1

CHAID-ONTLEDING: BYWONING VAN KERKDIENSTE OF FEESVIERINGE OP GOEIE VRYDAG




BYLAE 2.2

CHAID-ONTLEDING: BYWONING VAN KERKDIENSTE OF FEESVIERINGE OP HEMELVAARTDAG




BYLAE 2.3

CHAID-ONTLEDING: BYWONING VAN KERKDIENSTE OF FEESVIERINGE OP KERSDAG




BYLAE 2.4

CHAID-ONTLEDING: BYWONING VAN KERKDIENSTE OF FEESVIERINGE OP REPUBLIEKDAG




BYLAE 2.5

CHAID-ONTLEDING: BYWONING VAN KERKDIENSTE OF FEESVIERINGE OP GELOFTEDAG




BYLAE 3

CHAID-ONTLEDING: AANTAL KEER WEG TYDENS LANGNAWEEK AFGELOPE JAAR




BYLAE 4

CHAID-ONTLEDING: GEDURENDE LAASTE LANGNAWEEK VAN HUIS AF WEG




BYLAE 5

CHAID-ONTLEDING: AANTAL KEER WEG TYDENS SKOOLVAKANSIES AFGELOPE JAAR




BYLAE 6

CHAID-ONTLEDING: AANTAL KEER WEG BUITE SKOOLVAKANSIES AFGELOPE JAAR




BYLAE 7

CHAID-ONTLEDING: AKKOMMODASIE GEBRUIK TYDENS LAASTE VAKANSIE



BYLAE 8

CHAID-ONTLEDING: VAKANSIEPLEK TYDENS LAASTE VAKANSIE



BYLAE 9

CHAID-ONTLEDING: GELD BESTEE AAN VAKANSIES

| | |
|---|---|
| 52,0 | Minder as 'n maand se inkomste |
| 31,9 | Ongeveer 'n maand se inkomste |
| 16,1 | Meer as 'n maand se inkomste |

1 024

GESLAG

| Manlik | Vroulik |
|---|---|
| 45,9 | 56,3 |
| 37,0 | 28,3 |
| 17,1 | 15,4 |
| 427 | 597 |

BYLAE 10

CHAID-ONTLEDING: VAKANSIE SONDER BEPERKINGS

| | |
|---|---|
| 34,4 | Oorsee |
| 28,5 | Binnelandse vakansie-oord |
| 18,3 | Strand of see |
| 5,4 | Kampeer |
| 1,4 | Familie |
| 12,0 | Ander |

1 198

HUISTAAL

| Afrikaans | Engels en ander |
|---|---|
| 26,1 | 45,0 |
| 22,3 | 13,2 |
| 31,5 | 24,6 |
| 6,2 | 4,4 |
| 1,2 | 1,7 |
| 12,8 | 11,1 |
| 674 | 524 |

Afrikaans (674): OUDERDOM

| 18-34 | 35-54 | 55 en ouer |
|---|---|---|
| 40,2 | 21,8 | 15,7 |
| 21,0 | 24,8 | 19,3 |
| 23,8 | 33,7 | 37,3 |
| 6,1 | 7,8 | 3,6 |
| 0,5 | 0,7 | 3,0 |
| 8,4 | 11,2 | 21,1 |
| 214 | 294 | 166 |

BYLAE 11

TELEFOONOPNAME: SAKE VAN DIE DAG

OPENBARE VAKANSIEDAE EN VAKANSIEPATRONE

| | | |
|---|---|---|
| TELEFONEERDER | | 1-2 |
| REKORDNOMMER | | 3-6 |
| KAARTNOMMER | 1 | 7 |
| PROJEKNOMMER | BNBCØ3R156 | 8-15 |
| DATUMKODE | | 16-17 |
| TAALKODE | | 18 |

Goeienaand, ek is .................. verbonde aan die RGN in Pretoria. Ons voer gereeld onderhoude met lede van die publiek oor 'n verskeidenheid onderwerpe. Ek sal graag 'n onderhoud wil voer met iemand by u adres.

1 Hoeveel getroude en ongetroude persone 18 jaar en ouer woon by die adres?

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Ongetroud | | 19-2Ø |
| Vra posadres ——— | Getroud | | 21-22 |

| | |
|---|---|
| | 23 |

SELEKTEER RESPONDENT

Ek sal graag 'n onderhoud wil voer met ................ (selekteer respondent).

Aan respondent

Goeienaand, my naam is .................... en ek werk by die RGN. Die RGN onderneem gereeld meningspeilings oor 'n verskeidenheid van onderwerpe soos onderwys en behuising. Die RGN vra tans die mening van die publiek oor openbare vakansiedae en hoe vakansies deurgebring word in die algemeen. Is u gewillig om 'n paar eenvoudige vrae te beantwoord? Alle inligting wat deur u verstrek word, sal as streng vertroulik beskou word en u sal anoniem bly.

2

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vraag 3 ——— | Ja | 1 | | |
| Eindig onderhoud ——— | Nee | 2 | | 24 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | 1 | |

3 Het u al voorheen van die RGN gehoor?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vraag 4 | Ja | 1 | | |
| Vraag 5 | Nee | 2 | | 25 |

4 Waar of by wie het u van die RGN gehoor?

| | Ja | Nee | | |
|---|---|---|---|---|
| Radio | 1 | 2 | | 26 |
| TV | 1 | 2 | | 27 |
| Familie | 1 | 2 | | 28 |
| Vriende | 1 | 2 | | 29 |
| Werknemer van RGN | 1 | 2 | | 3Ø |
| Vorige opname | 1 | 2 | | 31 |
| Koerante | 1 | 2 | | 32 |
| Tydskrifte | 1 | 2 | | 33 |
| Ander (spesifiseer) .................. | | | | 34 |

5 Hoe oud is u?

| | | | |
|---|---|---|---|
| 18-24 | 1 | | |
| 25-34 | 2 | | |
| 35-44 | 3 | | |
| 45-54 | 4 | | |
| 55+ | 5 | | 35 |

6 Geslag? (Nie nodig om te vra nie.)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Manlik | 1 | | |
| Vroulik | 2 | | 36 |

7 Wat is u huistaal?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Afrikaans | 1 | | |
| Engels | 2 | | |
| Ander | 3 | | 37 |

| | |
|---|---|
| | 1 |

8 Wat is u huwelikstaat?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Nooit getroud | 1 | | |
| Getroud | 2 | | |
| Woon saam | 3 | | |
| Wewenaar/Weduwee | 4 | | |
| Geskei/Woon apart | 5 | | 38 |

9 Wat is u hoogste opvoedkundige kwalifikasie:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Tot en met st. 8/9 (+ diploma) | 1 | | |
| St. 1Ø | 2 | | |
| St. 1Ø plus naskoolse opleiding | 3 | | 39 |

1Ø Hoeveel kinders is daar in u gesin wat ........

| | | | |
|---|---|---|---|
| nog nie skoolgaan nie? | 1 | | 4Ø |
| op laerskool is? | 2 | | 41 |
| op hoerskool is? | 3 | | 42 |
| op universiteit is? | 4 | | 43 |

11 Daar is huidig elf vakansiedae op die Suid-Afrikaanse kalender. Dink u dit is te veel, te min of net genoeg?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Te veel | 1 | | |
| Te min | 2 | | |
| Net genoeg | 3 | | 44 |

1&2

12 Daar word baie bespiegel oor die aantal, aard en wenslikheid van sommige van die vakansiedae en ook oor die verspreiding van vakansiedae oor die kalenderjaar. Ek gaan nou aan u elk van die vakansiedae noem en u moet dan telkens vir my se of u tevrede is met die vakansiedag soos wat dit tans is, of u dink dat dit moet afgeskaf word, of dit geskuif moet word na die naaste Maandag of Vrydag, en of dit geskuif moet word na 'n ander maand om 'n eweredigder verspreiding van vakansiedae te verseker. Bykomend wil ons asseblief weet wat u die afgelope jaar op daardie dag gedoen het.

| Vakansie-dag | Tevrede soos wat dit tans is | Moet afgeskaf word | Moet skuif na naaste Maandag of Vrydag | Moet skuif na 'n ander maand | Wat het u die afgelope jaar op daardie dag gedoen? | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | Gewerk | Tuisgebly | Weg vir dag | Weg vir naweek | Kerk of fees bygewoon | |
| 1 Januarie Nuwejaarsdag | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 45-49 |
| 6 April Stigtingsdag | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 50-54 |
| Goeie Vrydag | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 55-59 |
| Gesinsdag (Paas Maandag) | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 60-64 |
| Werkersdag | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 65-69 |
| Hemelvaartdag | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 70-74 |
| 31 Mei Republiekdag | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 75-79 |

2

2

| Vakansie-dag | Tevrede soos wat dit tans is | Moet afgeskaf word | Moet skuif na naaste Maandag of Vrydag | Moet skuif na 'n ander maand | Wat het u die afgelope jaar op daardie dag gedoen? Gewerk | Tuisgebly | Weg vir dag | Weg vir naweek | Kerk of fees bygewoon | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 10 Oktober Krugerdag | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 16-20 |
| 16 Desember Geloftedag | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 21-25 |
| 25 Desember Kersdag | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 26-30 |
| 26 Des. Welwillendheidsdag | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1 →<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | Ja 1<br>Nee 2 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 31-35 |

13 Is daar enige vakansiedag of -dae wat u graag sou wou byvoeg?

Naam ........................ Datum ...........................

........................ ........................... 36-37

Naam ........................ Datum ...........................

........................ ........................... 38-39

14 Hoeveel keer was u gedurende die afgelope jaar (d.w.s. sedert September 1987 tydens langnaweke van u woonplek af weg?

| | | |
|---|---|---|
| Glad nie | 1 | |
| Een keer | 2 | |
| Twee of meer kere | 3 | 40 |

15 Was u gedurende die laaste langnaweek (28 Mei tot 31 Mei) van u woonplek af weg?

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | |
| Nee | 2 | |
| Kan nie onthou | 3 | 41 |

16(a) Hoeveel keer was u van u huis af weg tydens skoolvakansies gedurende die afgelope jaar?

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 2 | | |
| Glad nie (Gaan na vraag 17) | 1 | | |
| Een keer | 2 | | |
| Twee of meer kere | 3 | | 42 |

(b) Hoe lank was u weg gedurende die laate vakansie (of die laaste twee vakansies)?

| | Laaste keer | Voorlaaste keer | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Een tot twee weke | 1 | 1 | | | |
| Twee tot drie weke | 2 | 2 | | | |
| Drie tot vier weke | 3 | 3 | | | |
| Langer as vier weke | 4 | 4 | | | 43-44 |

16(c) Wanneer was die laaste vakansie (of twee vakansies) wat u vir langer as 'n week tydens skoolvakansie van die huis af weg was?

| | Laaste keer | Voorlaaste keer | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| September/Oktober 1987 | 1 | 1 | | | |
| Desember 1987/Januarie 1988 | 2 | 2 | | | |
| Maart/April 1987 | 3 | 3 | | | |
| Junie/Julie 1987 | 4 | 4 | | | 45-46 |

17(a) Hoeveel keer was u van u huis af weg met verlof buite skoolvakansies gedurende die afgelope jaar?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Glad nie | 1 | | |
| Een keer | 2 | | |
| Twee of meer kere | 3 | | 47 |

17(b) Hoe lank was u weg gedurende die laaste vakansie (of die laaste twee vakansies) buite die skoolvakansies?

| | Laaste keer | Voorlaaste keer | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Een tot twee weke | 1 | 1 | | | |
| Twee tot drie weke | 2 | 2 | | | |
| Drie tot vier weke | 3 | 3 | | | |
| Langer as vier weke | 4 | 4 | | | 48-49 |

17(c) Wanneer was die laaste vakanise (of laaste twee vakansies) wat u vir langer as 'n week buite skoolvakansies van die huis af weg was? | 2 |

Verlede maand ...................... | | | 5Ø-51

Voorverlede maand .................. | | | 52-53

18 Watter soort akkommodasie het u gebruik tydens u laaste vakansie?

| | | |
|---|---|---|
| Kampeer | 1 | |
| Hotel | 2 | |
| Vakansiewoonstel/Huis | 3 | |
| Kombinasie | 4 | |
| Ander (spesifiseer) ..................................... | | 54 |

19 Waar het u u laaste vakansie deurgebring?

| | | |
|---|---|---|
| Strand | 1 | |
| Openbare vakansieoord (binnelands) | 2 | |
| Nasionale park | 3 | |
| Vakansieplaas | 4 | 55 |
| By familie | 5 | |
| Gesondheidsplaas | 6 | |
| Bergklim | 7 | |
| Wandelpaaie | 8 | |
| Ander (spesifiseer) ................ | 9 | 56-57 |

2Ø Hoeveel geld in verhouding met u maandelikse inkomste bestee u aan vakansies?

| | | |
|---|---|---|
| Minder as een maand se inkomste | 1 | |
| Ongeveer een maand se inkomste | 2 | |
| Meer as een maand se komste | 3 | |
| N.v.t. werk nie/eie werkgewer ens. | 4 | 58 |

21 Veronderstel dat geld en tyd nie 'n probleem is nie. Watter soort vakansie sou u graag dan wil hou?

............................................................ | | | 59-6Ø

Baie dankie vir u samewerking.

Doc no 191732
Copy no 191739

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

R 10,40

## RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
## HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

| | | |
|---|---|---|
| President | Dr. J.G. Garbers | President |
| Adjunk-presidente | Dr. H.C. Marais, Dr. J.D. Venter | Deputy Presidents |
| Vise-presidente | Dr. K.F. Mauer, Prof. D.J. Stoker | Vice-Presidents |
| Uitvoerende Direkteur: Administrasie | J.G.G. Gräbe | Executive Director: Administration |
| Skakelhoof | Dr. G. Puth | Chief PRO |

### Funksies van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder, ondersteun en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, bepaal navorsingsprioriteite, versprei die resultate van geesteswetenskaplike navorsing, vergemaklik en evalueer die implementering van die resultate van navorsing, stimuleer die opleiding van navorsers, stel die volle spektrum van dissiplines in die geesteswetenskappe ten diens van die inwoners van die RSA en bevorder die wetenskap in die breë.

## Institute

Instituut vir Geskiedenisnavorsing (IGN)

Instituut vir Kommunikasienavorsing (IKOMM)

Instituut vir Mannekragnavorsing (IMAN)

Instituut vir Navorsingsontwikkeling (INO)

Instituut vir Opvoedkundige Navorsing (ION)

Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing (NIPN)

Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing (IPEN)

Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing (ISODEM)

Instituut vir Statistiese Navorsing (ISN)

Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing (INTAK)

Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste (BOND)

Administrasie

### Hoofkantoor

Privaatsak X41, Pretoria 0001
Republiek van Suid-Afrika
Telegramme RAGEN
Tel. (012) 202-9111
Teleks 3-20893 SA

### NIPN

Posbus 32410, Braamfontein 2017
Republiek van Suid-Afrika
Telegramme NAVORSPERS
Tel. (011) 339-4451
Teleks 4-25459 SA

### Streekkantore

Wes-Kaap, Privaatsak X5, Roggebaai 8012
Tel. (021) 419-2572/3/4/5 Teleks 5-22260 SA

Natal, Posbus 17302, Congella 4013
Tel. (031) 815970 Teleks 6-28567 SA

NIPN Oos-Kaap, Posbus 1124, Port Elizabeth 6000
Tel. (041) 53-2131 Teleks 2-43203 SA

### Functions of the HSRC

The HSRC undertakes, promotes, supports and co-ordinates research in the field of the human sciences. It also determines research priorities, disseminates the findings of human sciences research, facilitates and evaluates the implementation of research findings, stimulates the training of researchers, places the full spectrum of human sciences disciplines at the service of the inhabitants of the RSA and promotes science in general.

## Institutes

Institute for Communication Research (ICOMM)

Institute for Educational Research (IER)

Institute for Historical Research (IHR)

Institute for Manpower Research (IMAN)

National Institute for Personnel Research (NIPR)

Institute for Psychological and Edumetric Research (IPER)

Institute for Research Development (IRD)

Institute for Research into Language and the Arts (IRLA)

Institute for Sociological and Demographic Research (ISODEM)

Institute for Statistical Research (ISR)

Bureau for Research Support Services (BRSS)

Administration

### Head office

Private Bag X41, Pretoria 0001
Republic of South Africa
Telegrams RAGEN
Tel. (012) 202-9111
Telex 3-20893 SA

### NIPR

P.O. Box 32410, Braamfontein 2017
Republic of South Africa
Telegrams NAVORSPERS
Tel. (011) 339-4451
Telex 4-25459 SA

### Regional offices

Western Cape, Private Bag X5, Roggebaai 8012
Tel. (021) 419-2572/3/4/5 Telex 5-22260 SA

Natal, P.O. Box 17302, Congella 4013
Tel. (031) 815970 Telex 6-28567 SA

NIPR Eastern Cape, P.O. Box 1124, Port Elizabeth 6000
Tel. (041) 53-2131 Telex 2-43203 SA

ISBN 0 7969 0663 7

R10,40